Ps. 25:1, 2.
Ges. 36: 3
" 71: 5, 6.

Die Ou en d. Nuwe Mens.
I Die Oorsake v.d. Spanning i.d. Gelowige

Pinkster Aotel 5
12. 5. 56.
Ges. 71 -

Rom. 8: 8 - Die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie

Gisteraand gewys op d. ontdekking wat elke Xten een of ander tyd in sy geest. lewe maak nl. van 'n diep-gewortelde stryd tussen d. ou mens + d. nuwe, d. self + d. lewe buite d. self in sy binneste. Gewys d/op dat dit in wese 'n spanning is:

I Tussen eis God's Wd + d. ondervinding v.d. gelowige
II Tussen twee lewensbeginsels: dié v.d. ou + d. nuwe mens
III Tussen gewete en wil (Rom. 7.)
IV Tussen status en belewing.

Hd. spanning word vir ons soms byna te veel - oorval ons met moedeloosheid, neerslagtigheid, magteloosheid, veral omdat ons nie weet wat d. oorsaak daarvan is nie. Ons voel aan dinge is nie reg nie, ons stry teen magte wat ons oorweldig, ons veg teen d. ~~lewe~~ versoekings sonder krag - wie? omdat ons nie weet wat d. oorsaak is van hd. spanning, hd. stryd in eie binneste.

Dan gaan ons + skryf dit toe aan:
① Uiterlike omstandighede wat vir ons te veel word
② Mense wat vir ons d. lewe moeilik maak
③ Die lewe wat ons onregverdig behandel
④ Die gees van ons tyd - gejaag, ander Xtene se voorbeeld
Ons soek d. oorsaak v. ons tekortkominge en ons mislukkings in mense, in dinge, in sake buite ons. Vergeet: die eintlike oorsaak lê nie daar nie - dit lê in onsself, in wat die Bybel noem: die vlees, die ou mens, die onwedergebore self, d. ou natuur met sy geweldige houvas op ons lewe, waardeur ook ons beste werke met sonde besmet is.

Hd. vlees moet ons nou van nader beskou + sien hoe hy 'n driewoudige oorsaak is v. ons stryd:

## I Die Oorblyfsel v.d. Vlees i/d Gelowige:

Die wedergeborene ontvang by sy bekering 'n nuwe natuur, nuwe wesig, nuwe begeertes, nuwe strewe — (2 Petr. 1:4 — „Waardeur Hy ons d. grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word aan d. godd. natuur!").

Van d. ou natuur is daar egter 'n oorblyfsel i/d gelowige — soos oorblyfsel v.d. heidense nasies in Kanaän nadat Israel d. land beset het — soos oorblyfsel van wilde wortel by ge-ente boom. Hd. oorblyfsel is d. ou natuur, d. sondige aard wat ons uit Adam erf. Dit voer stryd teen ons hoë en wil ons weer onder d. wet v.d. sonde bring (Rom. 7:23)

Hd. ou mens sterf nooit geheel-en-al in hd. lewe nie — die beginsel v.d. kwaad word in d. gelowige nie opgehef of ontbind nie — maar dit word deur die wet v.d. Gees v.d. lewe in X.J. oorheers, sodat die gelowige vrygemaak word v.d. wet v.d. sonde en d. dood (Rom. 8:2).

## II Die Verset v.d. Vlees teen d. Gees:

Nie net bly dit oor nie, maar dit bly lewe — d. ou sondige self. Verset hom teen d. Gees v God — soek om altyd weer d. oorhand te kry oor d. mens. Onderwerp hom nie aan d. wet v God nie — dit kan ook nie. Dit staan direk teenoor d. nuwe mens v sy lewe in God: dis deel v.d. ryk v.d. duisternis wat vyandig staan teen d. lig (2 Kor. 6:14)

— Dit kan uiterlik godsdienstig wees, skynvroom, iemand op 'n lidmaat laat word, hard in kerk laat werk, baie geld vir goeie sake gee — en nog nie ware Godslewe besit nie!

## III Die mag v.d. vlees i/d gelowige:

Die vlees, d. ou mens bly nie net lewe nie, verset hom nie alleen nie, maar kry ons self in sy mag, in sy pynlike wurggreep. Hoe meer ons hom d. plek gee om hom te verset, hoe sterker word sy mag. Word bevorder deur:

a) Onkunde: — Gebrekkige kennis v. Gods Wet
— " " v. Verlossing

— Gebrekkige kennis van geest. waarhede en van Gods beloftes —

b) Ongeloof: Aanvaar nie Gods versekeringe bv. Rom. 6: 4,6 dat d. Xten saam m. Xtus begrawe is deur d. doop in sy dood en saam met Hom opgestaan het in nuwe lewe nie.

c) Ongehoorsaamheid: